WEEK 24

11 Junie 2026

**TEGNIESE- EN BEMARKINGSVERSLAG GRANATE**

Die laaste granate wat verskeep is kom nou in die markte aan. Die kwaliteit bly wisselvallig, maar is effens beter as die eerste helfte van die uitvoerseisoen. Kneusings blyk tans die grootste probleem te wees.

Wat verblydend is van die tweede helfte van die seisoen, is dat die alternatiewe roetes en bestemmings wat gebruik moes word om die oorlog te omseil, op enkele uitsonderings na, baie goed gewerk het. Ons kon dus nog steeds die kliënte in die Midde-Ooste bedien wat ons al jare lank ondersteun.

In Europa is die mark tans baie onder druk. Verkope is baie stadig en groot volumes Peruviaanse en Suid-Afrikaanse produk ding mee om rakspasie en verkope. Die probleem van lae verkoopstempos, selfs teen drasties verlaagde pryse, is eintlik groter as die probleem van baie vrugte wat beskikbaar is in die mark. Selfs promosies lig nie die verkoopstempos betekenisvol nie. Die Europese somer is nou vol aan die gang en die winkels fokus nou op vrugte soos spanspek, steenvrugte, ens. Granate, wat maar altyd 'n beperkte rakspasie het, ly daaronder.

Van die beoogde €12 as verkoopsprys in Europa het daar min gekom. Dit was 'n keuse tussen of geen verkope, of skaal drasties af aan die verwagtinge. Huidige verkoopspryse in die EU/VK is rondom €8. Van die Peruviaanse produk verkoop teen €6. Gelukkig hou die Midde-Ooste pryse redelik goed. Dit is net die addisionele kostes, weens die oorlog, wat uitbetalings gaan beinvloed.

Ons doen more weglaai week 12 se finale betaling, met die uitsondering van een houer wat nog nie afgehandel is nie. Dit het besonder lank geneem om die houer by sy bestemming te kry. Die probleem van enkele onafgehandelde houers gaan nog 'n paar weke met ons wees as gevolg van die vertragings met die uitbreek van die oorlog.

Laat weet as daar enige vrae is oor die seisoen dan kom maak ons 'n draai.

Groete.

Sapex Span.